Son 14 Maart (Lied 386)

Jesus, dit wat U moes ly, bly in ons gedagtes in hierdie lydenstyd. U maak ons vry van sonde, vry van bose magte. Deur U bloed is ons verlos en word ons skuld vergewe. Angs en dood het dit gekos, Jesus,Bron van lewe. U het geroep:"Dit is volbring!" En daardeur het dié blye tyding vir sondaars hoop gebring.

Ma 15 Maart (Ps 25:8, Ps 106:8, Ps 141:4)

Here, ons bid vir die bevryding van mense wat verslaaf is aan pornografie en diegene wat 'n onrein en sedelose leefstyl het. Verander hulle asb deur hul denke te vernuwe. Help hulle om weg te breek en 'n nuwe en positiewe lewenstyl aan te kweek. Laat hul besef hoeveel skade hul aan hulself en ander doen en lei hulle om Jesus te vind. Ons bid ook vir streng maatreëls teen elektroniese pornografie.

Di 16 Maart (Ps 18:17-37, Ps 30:6, Ps 94:18 – 19)

God van hoop, Bron van krag, help asb mense wat ly aan depressie en nie meer kans sien om aan te gaan nie. Wees ook met diegene wat erge trauma beleef het en wat sukkel om dit te verwerk. Lei hulle asb na die regte beraders toe wat hulle kan help om weer heel te word. U kan ook mense en medikasie gebruik om gebrokenes te help, maar bowe-al is U ons hulp in tye van nood.

Woe 17 Maart (Ps 86:11-12, Pred 9:10)

Here, ons bid vir geestelike groei en herlewing in ons gemeente. Raak elkeen van ons aan met U Gees en maak ons opnuut bewus van die wonderlike groot voorreg wat ons het om U kinders te kan wees en om aan 'n gemeente te behoort. Leer ons om U met toewyding te dien. Lei ons om meer betrokke te wees en om U te gehoorsaam

Do 18 Maart (1Kron 29:10-14, Luk 12:22-31)

Here, baie dankie dat U nog altyd voorsien het! Ons kom nou weer na U toe om te bid vir die gemeente se finansies. U weet hoe groot ons tekorte is. Laat elkeen van ons na U stem luister as U dalk wil hê dat ons ons dankoffer moet meer maak. Seën asb ook al die pogings om fondse in te samel en voorsien asb in die behoeftes wat ons het.

Vry 19 Maart (Deut 30:11-14, Ps 90:12-17)

Grote God, ons sê vir U baie dankie vir die onderwysers en skole wat nog erns maak met die christelike opvoeding van kinders. Bewaar en beskerm en seën asb elke onderwyser wat kinders in liefde op die regte pad lei en ook die regte voorbeeld stel. Gee asb vir hul elke dag die nodige wysheid. Laat hulle 'n positiewe invloed op die kinders uitoefen wat sal help dat hul gebalanseerd en gelukkig sal grootword en U sal dien.

Sat 20 Maart (Num 6:24-26)

Here, seën asb ons leraars met goeie gesondheid en krag. Seën en beskerm ook hul gesinne en lei hulle om genoeg tyd vir hul families af te staan. Help hulle om rein en toegewyd te lewe en bewaar hulle van die bose. Laat hulle elke dag U vrede en vreugde ervaar. Herinner hulle om altyd U wil te vra en maak hulle voorspoedig in die werk wat hulle vir U kerk doen.

V O L H A R D

Son 21 Maart (Lied 390)

O Lam van God, ons kniel aan U voete neer, en saam met die hemelse kore wil ons U loof en prys en U Naam eer. U liefde is onpeilbaar groot, U het geen lyding ontsien om sondaars te bevry nie. U het die hel se magte oorwin en ons vrygekoop. U maak ons konings om tot U eer te lewe. Hoe kan ons ooit aan U die dank en eer betoon wat U toekom!

Ma 22 Maart (Luk 21:15)

Drie-enige God, seën asb die projek wat beplan word om soveel as moontlik mense met die Evangelie te bereik tydens die 2010 sokker gebeure. Baie dankie vir die geleentheid wat ons jongmense ook het om hierby betrokke te wees. Werk asb in en deur hulle om baie mense vir Jesus te wen en om 'n verandering in die wêreld te maak.

Di 23 Maart (Ps 138:3, Pred 11:10, 1Kor 6:12)

Here, baie dankie dat ons ook na u toe kan kom met ons fisiese en emosionele probleme. Ons bid vir siekes wie se liggaamskrag afneem en wat pyn en ongemak ervaar. U is die groot Geneesheer; wil U asb vir hul genesing gee. Ons bid ook vir almal wat 1 of ander eetsteurnis het en wie se gesondheid daaronder ly. Help hulle asb om dit wat skadelik vir die liggaam is te vermy.

Wo 24 Maart (Ps 139:14, Ps 51)

Grote God, die werke wat U doen, vervul ons met verwondering. Die wonder van U genade en vergifnis maak ons ook diep dankbaar. Ons wil U graag met ons hele hart en met ywer dien.Maak ons opreg en standvastig en gee ons die woorde om U te loof. Laat ons gemeente ons voor U verootmoedig en laat ons offers vir U aanneemlik wees.

Do 25 Maart (Eks 33:13-17, Lev 19:32)

Here, baie dankie vir die nuwe inisiatiewe aangaande die seniorbediening. Ons het U leiding so nodig en ons vra dat U die bediening ryklik sal seen. Maak lidmate asb gewillig om hulp aan te bied sodat die bediening sal groei en in die groot behoefte sal voorsien. Gee ons 'n hart van liefde en begrip vir ouer mense se behoeftes en probleme. Dankie, Here!

Vr 26 Maart (Josua 24:15, Ps 112:1-3)

Hemelse Vader, baie dankie vir huisgesinne waar kinders veilig, geborge en versorg is. Baie dankie vir wedersydse liefde en respek. Wees asb met elke gesin in ons gemeente. Hou hulle asb staande wanneer die aanslae van die bose dreig om gesinne te verbrokkel. Wees asb met elke kind gedurende die vakansie. Beskerm hulle asb teen mense met verkeerde motiewe.

Sat 27 Maart (Eks 18:21, Joh 11:52)

Here God, ons bid vir U kerk hier op aarde en vir al die kerkleiers van die verskillende denominasies wat U aanbid. Ons bid vir die eenheid in U kerk soos wat U dit in U Woord voorhou. Laat kerkleiers nie dinge doen vir persoonlike gewin of eer nie. Lei hulle in U waarheid en gebruik hulle vir die uitbreiding van U Koninkryk. Laat U kerk fokus op die gesamentlike doel tot U eer.

V O L H A R D

GEBEDSPROGRAM: N.G. Kerk Waverley

VOLHARD IN GEBED

Sondag 21 Februarie tot Saterdag 27 Maart 2010

'n Paar gedagtes oor Gebed

(Met erkenning: Die Klein Gebedeboek)

'n Mens moenie so hard vir Christus werk dat jy geen krag oor het om te bid nie. Om sterk te kan wees, moet jy bid. En om te kan bid, moet jy sterk wees. **J. Hudson Taylor**

Moenie bid vir take wat klein genoeg is vir jou kragte nie; bid vir krag wat groot genoeg is vir jou taak **Anoniem**

Gebed is om op te hou om na jou eie gedagtes te luister en God se gedagtes te begin hoor **Francois Fenelon**

Gebed sonder lof is soos 'n roos sonder geur
Johannes Chrysostumus

Die dag waarop ek nie gebid het nie, is 'n dag waarop ek by God gespog het met my eie krag **Owen Carr**

God sal die gebed van die opregte hart hoor – ook al word geen woord gesê nie **Ierse spreekwoord**

Satan vrees wanneer hy selfs die swakste gelowige sien bid
William Cowper

Al word dieselfde gebed hoeveel maal herhaal – as dit uit 'n opregte hart kom, bly dit vas in die ore van God
Thomas Fuller

Gebed verander nie die Heilige Gees om by óns planne in te pas nie. Die Heilige Gees verander die bidder om by Sy plan in te pas.
Soren Kierkegaard

Ons is selde bewus van die wonder dat God met ons praat, omdat ons in ons gebede sélf so baie praat dat God nie die geleentheid kry om vir ons iets te sê nie
HJM Nouwen

God kan sin maak uit die verwardste gebed
Richard Sibbes

God is altyd naby jou – moenie Hom ignoreer of beledig deur nooit met Hom te praat nie. **Broer Lawrence**

Gebed moet ons eerste toevlug wees; nie ons laaste uitweg nie
Anoniem

As ek nie kan bid nie, sing ek maar
Martin Luther

Dit is goed om boek te hou van ons gebede sodat ons nie in ons dade ons gebede weerspreek nie. **Matthew Henry**

Seënwense.
Kobie. (Tel. 012 3332916)